



**Skrifgedeelte: Psalm 116:12-19 (1933/53-  
en 1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Psalm 116:12-19**

Psalm 116 is by talle lidmate baie bekend as 'n nagmaalspsalm, omdat dit by elke nagmaalsviering gesing word. Ook nie sonder rede nie.

Psalms 113 tot 118 staan bekend as die groot Paaslied, omdat die volk van die Here hierdie lied tydens Paasfees gesing het. Paasfees was die fees wat hulle aan die wonderbare verlossing uit Egipte herinner het. (Psalms 113-114 is gesing voor die Paasmaaltyd en Psalms 115-118 daarna.)

Psalm 116 is 'n baie persoonlike lied. In verse 1-9 dank die digter die Here vir sy verlossing uit 'n doodsituasie. In verse 10-19 belof die digter aan die Here om 'n lewe van dankbaarheid te voer. Tot twee maal sê hy dat hy bereid is om sy geloftes te betaal (vs 14, 18). Hy wil die Here loof met drankoffer (13) en dankoffer (17). In teenwoordigheid van die hele volk, ja, in die tempel, hef die digter sy lof- en danklied aan. Sy dankbaarheid ken geen grense nie.

Die vraag wat nou ontstaan, is die volgende: Hoe kon Christus hierdie Psalm sing die nag voordat Hy gekruisig is? Hierdie Psalm sing van redding van die

dood (vs 8) en Hy is dan nou op pad na sy dood? Christus kon die Psalm sing om drie redes. Die eerste is dat sy dood nie sinloos was nie, want Hy het sy lewe as "losprys" vir baie afgelê (Matt. 20:28). Die tweede is dat Hy selfs in sy Godverlatenheid getroos kon uitroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor" (Luk. 23:46). Die derde is dat Hy die vaste vertroue gehad het dat die dood nie die laaste woord sou hê nie; sy Vader sou Hom op die derde dag as oorwinnaar oor die dood laat opstaan (Joh. 10:17-18).

Gelowiges kan dus saam met Paulus sê: Ek is versekerd dat geen dood of lewe, ja, absoluut niks ons kan skei van die liefde van God in Christus nie (Rom. 8).

Gló jy dit? Lééf jy so?

**Sê altyd vir die  
Here baie dankie  
vir alles**



Publikasie  
Publication



**Nr./No.: P11**